# **WOW – UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH**

# **<u>VOORBEELDE VAN GOEIE SKRYFSTUKKE</u>**

**Herinneringe van Toeka tot nou**

Ek sit en tuur verlangend by die venster uit ... vreemd ... ver ... verlore...

Skielik roep die nostalgiese reuk van my ouma se moerkoffie verslete herinneringe op. Ek wil kombuis toe hardloop. Haar omhels. Die klank van haar stem in my ore hoor sing. Die reuk van vars plaasbrood in my neus innooi. Wat keer my tog?

Die vreemde ... verte ... verlange.

Ek mis my oupa se lang sigare – 'n mengsel van nektar en nostalgie. Hy kon 'n storie skets wat Da Vinci se pogings na popspeel laat lyk het. Tyd het stilgestaan. Ek sou wil hê dit moes stilstaan. Stop ... briek ... staan.

Waar is die haan vroegoggend as ek moet opstaan? Die geblêr van die skape in die kraal? Ek mis die geluide ... die gesprekke ...

Ek wens ek kon die tyd terugdraai. Dit stop. Die herinneringe herleef: Ouma se stem so soet soos heuning. Haar boerekos wat smelt in my mond. Die reuk van vars linne op my bed. Haar reuk. Verlangend ... verdwynend.

Die familiefoto op die lessenaar is verslete. Vaag. Verkrummeld. Dit is asof dit my herinneringe aangesteek het. My film het plek-plek opgeraak. Ek is verbouereerd. Bang. Kwaad vir myself. Hoekom kan ek nie meer onthou of my gedagtes ontvou nie?

Ek probeer my gedagtes orden - 'n takie ver bo my vuurmaakplek. Wanneer? Waar? Wat? Dié vrae wat deur my kop maal soos verslete klere in 'n wasmasjien. Dit is of my gedagtes skoongewas is. Uitgewas. Opgewas.

My gedagtes is nie soos nuwe klere wat jy in 'n winkel kan koop nie. Dit is prysloos. Onherwinbaar. Ek wens daar was 'n winkel waar gedagtes beskikbaar was. Waar ek kon gaan soek ... gaan verstaan.

Ek wil teruggaan. Na die reuk van 'n vleisie op die kole. 'n Melksnor maak met die melkkoei se nektar. Ek mis die plaas ... die land ... my land.

Tyd staan stil in Afrika, maar hier? Dit vlieg. Ek wil vlieg. Weg van hierdie wildernis. Terug. Tuis in my huis.

Ek wil weer die son op my lyf voel steek. Verlore raak in die tydlose trem van my tuiste. Dit voel so ver ... verlate. Ek wil uitkom. Wegkom. Terugkom.

Die naarheid slaan my soos 'n spyker in die keel. Ek verlang na ...

Menswees. Tuiswees. Tydloosheid.

Kom haal my. Ek wil nie meer in die karakterlose katastrofe bestaan nie. Neem my terug. Terug na my herinneringe ... helde ... hoop.

Ek wil weer in my bed wakker word. Ek wil weer onthou ...

Alles lyk vreemd ... ver ... verlore. √√

**Hoe lyk my toekoms?**

Op die hoek van Dorpstraat is daar 'n pragtige klein koffiewinkel wat wegkruip onder die groot akkerbome van Stellenbosch. Dit is so gewild dat mense toustaan vir sitplek. Dit is my toekomsdroom ...

Die ou houtdeure en vensterrame kraak onder Stellenbosch se warm somerson, maar wanneer jy die winkeltjie betree, is dit koel en vars as gevolg van die dik mure en die hoë plafon. Die reuk van verskillende dekadensies ontvoer jou na 'n fantasiewêreld soos min ander. Die asemrowende koeke en lekkernye loer vir jou vanuit die yskas wat voor in die koffiewinkel staan – hoe gerieflik! Die blommetjies muurpapier is vriendelik en die ou meubels en dekorasies maak 'n mens skoon nostalgies. Dit laat jou terugdink aan jou grootouers – veral jou ouma se lekkernye wat elke Sondag deur die familie verslind is.

Die mense in die koffiewinkel is almal vriendelik en vol energie wat dit gesellig maak en die vars blomme wat oral in potte – sommer kospotte – staan, is die kersie op die koek. Nogal ironies omdat dit juis koeke is waarin hierdie koffiewinkel spesialiseer.

My toekomsdroom is om 'n koffiewinkel nes hierdie een te besit. Mense moet bereid wees om oor berge en dale te kom om die ongelooflike atmosfeer en onbeskryfbare lekker kos by my koffiewinkel te kom beleef en proe.

Ek wil hê dat mense met die soet smaak van ryk sjokoladekoek, romerige kaaskoek of enige ander koek onder die son, uit my winkel moet stap en dink: na hierdie koffiewinkel sou ek beslis terugkom!

Omdat ek so ongelooflik lief is daarvoor om te bak wil ek saam met my koffiewinkel 'n spysenieringsbesigheid oopmaak waar ek dan bestellings vir troukoeke, asook verjaarsdagkoeke, gaan neem. Die kreatiwiteit wat agter die versiering van troukoeke lê, is verstommend en ook deel van die bakproses wat my die meeste fassineer en interesseer. Dit neem my na 'n ander wêreld sonder enige ellendes, hartseer of die spanning van ons alledaagse lewe.

Ongelukkig, soos die meeste dinge in die lewe, moet jy eers daarvoor werk en dus gaan ek 'n drie-jaar-lange sjef-kursus volg wat my dan sal voorberei vir wanneer ek eendag my eie besigheid besit.

Natuurlik gaan dit ongelooflike harde werk wees (almal waarsku my daaroor), maar ek glo dat, as jy regtig van iets hou, jy bereid sal wees om opofferings daarvoor te maak en dus is ek bereid om min vakansie te hê, asook om baie hard te werk, net omdat ek mal is daaroor om te bak en te brou.

**Huldeblyk**

Ek sal graag vir Juffrou Tewes wil onthou soos die eerste keer wat ek in haar motor geklim het: Metallica het laag oor die luidsprekers gegrom en sy het haar kop heen en weer geruk om entoesiasties ritme te hou.

Sy was nie jou stereotipiese onderwyseres nie.  Ons kon haar altyd omkoop met geskrewe Muse laserskywe.  In die mondelinge periodes het ons oor Durt Cobain praat, nie net Martin Luther King of Ronald Reagan nie.

Sy was seker ook die enigste onderwyseres wat op toere saam met leerders om 'n kampvuur sou sit en ons vertel van Queen "op hul dag", soos sy nou is.

Dit is juis die passie waarmee sy haarself by musiek kon  inlewe wat ons vandag erken en vier.

Sy was ook die enigste Engels-onderwyser wat op die vloer van 'n toneelbus sou sit en 'n bordspeletjie Macbeth as "daardie boek van Shakespeare" sou verduidelik.

Dit was juis hierdie kinderlike energie en sin vir humor wat leerders tot haar aangetrek het.

Selfs toe die kanker die geveg liggaamlik gewen het, het sy steeds haar geloof bely.  Selfs toe sy elke rede gehad het om oor te gee het sy elke kind met deernis en belangstelling behandel.

Dit was wie Denise Tewes was.

Iemand met wie jy oor slipknot en Jane Austen kon praat.  Iemand wat vir my altyd skalks sou oogknip in die gange.  Iemand wat tot op haar doodsbed gevra het hoe dit met jou gaan en regtig omgegee het.

Sy was my onderwyser, maar ek sal graag wil glo dat sy ook 'n vriendin was.

Mag ons vandag haar passie en energie vier.

**Dit kom nou van niks wil doen nie (Dagboekinskrywing)**

Dag 1 28 September 2010

Ek is bang om môre skool toe te gaan.  My huiswerk is nog nie gedoen nie en Mej. Slagervel is baie uitgedraai.  Sy sal my voor die hele klas beledig en almal sal my uitlag.  Wat gaan ek doen?

Dag 2 29 September 2010

Ek hoop nie sy gaan vandag by die skool wees nie.  As iets maar net met haar kan gebeur.  Nie iets ernstigs nie, net sodat sy nie aanwesig kan wees nie.  Ek is nou so vreesbevange.

Dag 3 30 September 2010

Wat ek nou weet, is dat 'n mens nie ander moet verwens nie, want Mej. Slagervel se motor is gekaap en sy ontvang nou sielkundige hulp.  In die toekoms sal ek maar my huiswerk doen.

**Liewe Dagboek**

Ek is bang ... bang, dat ek nié bang is oor die grootmenswêreld wat daar buite vir my wag nie. Elke dag, hoor en lees ek oor mense en hul probleme "daarbuite". Tog stres ek nie oor volgende jaar nie.

Ek hoop ... hoop dat ek goeie punte sal kry vir hierdie inskrywing, want ek het 'n weddenskap met my pa gemaak. As ek 'n A-gemiddelde behaal, eet hy die tafeldoek, en dit wil ek graag sien.

Wat ek nou weet, is dat ek die laaste paar woorde neerskryf van my Hoërskoolloopbaan. Aan die een kant is ek hartseer, maar aan die ander kant is ek bly. So op 'n goeie noot, sê ek tot siens ...

TOT SIENS!

**DAAR IS 'N TYD VIR ALLES**

1½ uur ...

Moedeloos na werk kom Niel by die huis aan en gooi homself op die bank voor die televisie neer. Geïrriteerd verwerp hy sy vrou se hallo-soen en kyk verby haar na die televisie, asof sy nie bestaan nie. Respekvol draai sy om en gaan weer kombuis toe om die aandete klaar te maak.

90 minute ...

Kwaad vir die wêreld ignoreer Niel sy vrou wanneer sy hom vra vir 'n bietjie hulp. Op haar eie dek sy die tafel en haal die laaste stukkies vleis uit die pan uit. Sy skep vir hom 'n bord kos en sit dit op die tafel neer. Skep haar bord vol kos en neem dit ook tafel toe, waar sy haar sitplek inneem. Niel staan op en stap tafel toe. Hy stoot sy stoel in en neem sy bord kos weer bank toe. Sy vrou sit alleen by die tafel.

5400 sekondes ...

Sy eet half klaar aan haar kos en verskoon haarself badkamer toe. Na 'n ruk wonder Niel waar sy vrou is, maar bly sit op die bank en eet klaar. Hy wag tot die advertensies voor hy sy bord kombuis toe neem. Op pad van die kombuis af maak hy 'n draai by die badkamer om te hoor of sy nog reg is.

Hy klop aan die deur, maar daar is geen antwoord nie. Hy druk sy oor teen die deur en hoor water loop. Hy klop weer en steeds is daar geen antwoord nie.

Bekommerd maak hy die deur stadig oop. Hy loer om die deur en daar lê sy ... bewegingloos.

1½ uur ... 90 minute ... 5400 sekondes ...

Sou jy anders gelewe het as jy geweet het wanneer dit jou tyd is om te gaan? As Niel geweet het dat hy net 5400 sekondes oorgehad het met sy vrou, sou hy haar anders behandel het?

'n Mens weet nooit wanneer dit jou tyd is om die wêreld te verlaat nie en daarom moet jy lewe ... lewe asof dit jou laaste dag is ... soen asof dit jou laaste soen is ... lag asof dit jou laaste is en wees lief asof dit jou laaste geliefde is.

Daar is so baie van ons wat die lewe net aanvaar en nie waardeer nie. As daar één les in my lewe is wat ek graag met jou wil deel, is dit dat jy voluit moet lewe. Elke sekonde is spesiaal. Waardeer dit.

1½ uur ... 90 minute ... 5400 sekondes ...

√√

**Tussen die stiltes**

Dit is net na sewe. Jy is laat.

Elke sekonde van die tikkende horlosie op my lessenaar bevestig dit. Selfs jou sakhorlosie, wat jy vergeet het, laat die tyd aanloop. Die stilte om my hou afwagtend asem op, maar jy kom nie. Die mure versmoor my in jou afwesigheid.

Ek staan op en bekyk my spieëlbeeld. Soveel moeite, soveel tyd en jy het die durf om laat te wees. Jou vlug van Johannesburg moes 'n uur gelede geland het. Stadig stap ek kombuis toe en skakel die ketel aan. Jy kan my altyd so lelik berispe oor die volumes koffie wat ek in 'n dag drink. Jou bekende: "Jou tande gaan so geel soos mielies raak", mis ek nou.

Die ketel kook en ek weerhou myself tog 'n sekonde lank, gooi dan wel 'n koppie vol en slinger terug kamer toe. Die sigare, wat ek vir jou verjaarsdag gekoop het, koggel my. Dit stink en maak tabakvlekke en dan sê jy koffie is sleg? Humeurig gooi ek dit eenkant toe – dit is beter om nie herinner te word nie ...

Die telefoon breek uiteindelik die langdurige stilte. "Hallo, is dit jy, David?" Stilte.

Dit is vyf oor sewe en die wind huil buite. Daar is net te veel stiltes. Dit eggo die verlange.

David, my man, my gewese man.

Trane stroom sonder ophou by my wang af. Hoekom moet iets so mooi en waardevol van 'n mens weggeruk, nee weggeskeur word? As ek maar kon vashou aan die verlede, maar alles vergaan of word gesteel. Alles word stof. Stof bedek wat eers mooi en waardevol was. Jy word stof.

Jou woorde word bladsye in 'n bundel, saamgevoeg, gekram, bewaar. Jou beloftes word soetsappige leuens waaraan ek wil herkou, oor en oor, her-weer-nog 'n keer ...

Jy is uit my lewe gesteel. Hulle het jou net gevat, sonder om my eens te vra. Moet ek dit net aanvaar? Leë ruimtes in die foto's op my lessenaar is waar jy moet wees. Jy, met jou lag en jou sagte oë. Jy wat alles perfek en beter gemaak het. 'n Foto van my en jou op ons troudag – die naïewiteit, die hoop breek my.

Die jy in my sal daar altyd wees. Die herinneringe, jou sigare, jou sakhorlosie. Jy behoort nie meer aan my nie. Die "ons" is weg.

Dit is net na agt.  Buite huil die wind harder.  Die trane op my wange droog op ...
... net soos die laaste stof by die ongelukstoneel gaan lê het.

√√√

**Hoe lyk my toekoms?**

Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan, om kind te wees is nou verby!

Kersvader drink nie meer my melk nie en verlustig hom nie meer aan my koekies nie.  Sy rooi uitrusting lyk nou soos my pa se slaapbroek en die tandmuis het die pad gevat.  So, my ma is my R10-noot in die skoen.

My poppe is ingeruil vir 'n selfoon, stokkielekkers is nou sigarette en my koeldrank proe effens sterker.  Wegkruipertjie kan ek nie meer speel nie, want ek pas nie met my lyf in die kombuiskas nie.  Hanna Montana is vervang met die nuus om sewe en storieboeke vol prentjies het verbande in 'n koerantpapier met woorde.  Mamma en Pappa vang my nie meer as ek val nie, want ek is te swaar.  My pa se rug is te seer om op te ry.  Nou ry ek 'n motor met vier wiele.

Vyf jaar oud en die toekoms was so ver en oop, op agtien staan ek nou met my voete in die toekoms.  Wat sal van my word as ek die skoolgebou verlaat en die onderwysers bestaan nie meer nie?

My toekoms lyk soos 'n warrelwind wat nie weet watter kant hy nou wil waai nie.  'n Afjaar sal my verveel, dus pak ek eerder die Gasvryheid- en Kosbedryf aan.  Ek is nie slim genoeg om in mense se organe rond te krap nie en al wat ek weet, is dat 'n Panado vir alles help.

'n Netjiese restaurant met die heerlikste kos wat so kreatief moontlik versier is, is die beste pad vir my.  Ja, ek wil ook 'n rots aan my linkerhand hê en kinders by die dosyne soos Kurt Darren sal sê, maar van vrou wees en ma speel weet ek nie.

Om my ouers in 'n doodskis te sit en snesies vol water te stop is nie op my agenda nie.  Kanker en hartsiektes kan ek nie beveg nie.  Plooie sal definitief nie by my pas nie, so daardie hekkie moet ek mis.  Ek weet nie hoe om rekeninge te betaal nie en inkopies was nog nooit my sterkste punt nie.  Ag, kan ek nie maar vir ewig klein bly nie?

My toekoms is voor my uiteen gesit, maar is dit die pad wat ek wil stap?  Is ek werklik reg om my ry spore in die lewe te stap en swaar te kry ...?

Dit is die tyd om die spyker op sy kop te slaan en my toekoms aan te pak ... My tyd het gekom en ek moet gaan.

**Die waarde van werklikheidsreekse**

In die tagtigerjare kon televisiekykers nie wag om uit te vind wat volgende met "Dallas" se booswig JR Ewing gaan gebeur nie. In die negentigerjare het Jennifer Arniston en haar "vriende" weekliks by ons kom inloer, maar na die begin van die millennium is ons voete terug aarde toe gebring deur ... WERKLIKHEIDSREEKSE!

Ons kan nie wag om te sien of ons gunsteling Idols-finalis die laaste ronde gaan haal nie en watter hoopvolle oujongnooi die trekpas in "Boer soek 'n Vrou" gaan kry nie. Weekaande sal nooit weer dieselfde wees nie.

Die bose Gita McGregor kan eenvoudig nie kers vashou by die konflik in die berugte Osborne-gesin nie. Werklikheidsreekse kan tonne vermaak vir televisiekykers verskaf en 'n harde dag by die werk nietig verklaar. Dit is nogal skrikwekkend dat die werklikheid verregaande fiksie kan oorskadu.

Nie net is werklikheidsreekse meer opwindend as soetsappige sepies nie, maar dit bied ook hoop en motivering. Daar is talle reekse wat mense die geleentheid bied om hulle drome te bewaarheid en bo hul droewige omstandighede uit te styg.

"The Biggest Loser" gee oorgewig persone die geleentheid om gewig te verloor en 'n gesonder lewenstyl te handhaaf. "Clean House" verwyder fisiese en emosionele rommel uit verskeie huishoudings en "Forgive and Forget" laat vervreemde geliefdes met mekaar versoen.

In "Idols" en "SA's Got Talent" het ons werklike sprokiesverhale waargeneem. Karin Kortjé het van appelpakker tot diva gevorder en James Bhengee van besemstok tot kwartmiljoenêr en voornemende topverkoper.

Aspoestertjie kan maar pampoenkoekies van haar koets maak – niks of niemand kan vergelyk word met Susan Boyle se atronomiese sprong na roem en rykdom nie. Haar debuutalbum het wêreldrekords in skerwe laat spat en haar tweede album, "The Gift", is reeds 'n topverkoper in Amerika.

Ons vind ook baat by ander sangtalent wat deur werklikheidsreekse ontdek is. Wat is jou laserskyfversameling sonder Kelly Clarkson, Carrie Underwood of Clay Aiken? Platebase glimlag breed.

Werklikheidsreekse het vir ons geleer dat geluk vir almal beskore is. "The Bachelor" en "Boer soek 'n Vrou" bewys dat elke pot sy deksel het, en dat daardie gelukkige einde wel kan gebeur.

Fiksionele reekse is soms moeilik om mee te vereenselwig en hul clichés bied net tydelike ontvlugting. As ons geluk, menslikheid en hoop in die werklikheid ervaar, besef ons dat ons drome bewaarheid kan word en dat elke gek sy gebrek het.

Dankie, werklikheidsreekse – die werklikheid is net soveel beter as versinsels!

√

**Vroegoggend-koffie**

Hy bly toe-oog lê terwyl sy die koppie koffie langs sy bed neersit en weer uitstap. Die deur klap agter haar toe. Hy kreun, draai op sy sy en maak sy oë op skrefies oop. Die lig is gans te skerp so vroeg in die môre.

Een minuut oor sewe .

Met sy koffie in sy hand leun hy terug teen die kussings en sluit weer sy oë. Onmiddellik flits sy gedagtes terug na die beeld in sy droom. Dis nou al meer as twee jaar sedert daardie dag, maar steeds kry hy dit nie uit sy drome, uit sy lewe gehou nie.

Hy sal haar vandag vertel. Dan sal dit van sy gemoed af wees. Hy sal kan aangaan met sy lewe. Hy weet sy vermoed iets, maar sy is nie een om eerste te praat nie. Ingedagte drink hy sy koffie. Dis 'n jammerte dat hy nou vir haar moet vertel. Dinge tussen hulle was net besig om beter te raak. Werklik 'n jammerte.

Onder in die kombuis hoor hy die skottelgoed in die wasbak kletter. Sy sal seker ook binnekort op pad wees. Hy sal haar by die ontbyttafel vertel en dan dadelik vertrek sodat hy nie die pyn in haar oë sal sien nie. Hy sluk die laaste bietjie koffie weg en sit die koppie terug op die piering.

Nou ja, hy kan dit nie langer uitstel nie. Hy swaai sy bene van die bed af. Dis beter om dit agter die rug te kry.

Meteens voel hy duiselig. Dan word hy koud. Sy het geweet! Sy het die hele tyd geweet ...

"Die koffie...", prewel hy, maar hy kom nie verder nie. Sy oë dop om en hy sak neer op die bed.

***

Versigtig maak sy die deur oop. Vreedsaam in sy slaap heengegaan, dink sy. Sy haal haar klaargepakte tas onder die bed uit, maar probeer vermy om te kyk na wat op die bed lê. Dan gaan sy vinnig na die blink gepoleerde geelhoutkas in die hoek. Uit die onderste laai, heelagter, haal sy 'n pak note en twee vliegtuigkaartjies. Vinnig druk sy dit in haar handsak.

Vir 'n oomblik lank kyk sy nog in die kamer rond. Die tafeltjie met sy sakhorlosie, sy haatlike sigare en koffiebeker laat sy net so lê. Iemand sal dit wel kom kry. Sy loer vlugtig na haar horlosie, trek die swaar gordyne toe en maak die deur suutjies agter haar toe. Dan is sy weg.

**Hoe lyk my toekoms?**

Begin met die einde in sig

Die son staan stil. Die Afrikaans-klas is bedompig en warm. Ek lê half agteroor in my houtstoel en luister na mnr. Du Preez of Varkie, soos ons hom noem. Hierdie kwartaal behandel ons gedigte. Op die bord staan geskrywe: "Voor 'n onbekende môre".

"Reg klas, hoe lyk julle toekoms?", hoor ek Varkie vra. Stilweg begin my gedagtes dwaal ...

Hoe lyk ek oor twintig jaar? Ek kan myself in 'n swart pak sien. Dan twyfel ek weer, want op 'n warm dag soos vandag sal 'n swart pak my ondergang wees. 'n Prokureur is dan nie vir my nie. Ek is 'n man vir 'n kort broek en kaalvoete.

Vaagweg sien ek myself as 'n boer op 'n plaas in die Karoo. Daardie beeld duur ook nie lank nie, want ek het besef hoe swaar vandag se boere kry.

Teleurgesteld dink ek aan die volgende beroep waarmee ek kan ryk word en nog steeds kortbroeke dra. Die gedagtes skommel in my kop. Ewe skielik gaan 'n lig aan om die donkerte uit te kanselleer. Daar staan ek met my kort broek met 'n rugbybal onder die arm. Ja, sê ek vir myself. Inderdaad 'n beroep waarvan ek sal hou.

Nou het ek 'n beroep, maar hoe gaan my vrou lyk? My ma se woorde val my meteens by: "Seun, as jy gelukkig wil wees, dan moet jy vir jou 'n lelike vrou kry." Ek gril dat my hare rys. Miskien was my ma tog reg! 'n Lelike vrou beteken dat sy vet gaan wees. 'n Vet vrou bekend dat sy meer kinders kan hê. Meer kinders beteken 'n rugbyspannetjie van my eie. Ek het myself nog altyd as 'n goeie pa en afrigter gesien.

Vinnig hardloop die gebeure weer deur my kop. Ek is 'n rugbyspeler. Ek is ryk. Ek is met 'n vet vrou getroud en sy is verwagtend met 'n drieling. Alles klink vir my goed en wel, maar ek kan vergeet van oorsee gaan vakansie hou. My kinders gaan tien teen een verdwaal en op die vliegtuig wegraak. Dit is nou as ons die vliegtuig haal met my vrou se gewig wat die limiet van passasiers oorskry.

Nou weet ek nie meer so mooi nie. My toekoms begin my al hoe meer negatief maak. Ek sal weer deur my opsies moet gaan, dinge heroorweeg. Waar begin 'n mens as jy suksesvol wil wees? "Liebenberg!" "Liebenberg!" Ek ruk my kop terug na die bord waar Varkie staan.

"Maak oop jou boek op bladsy driehonderd en sestien en lees die gedig! Môre kom vertel jy my waaroor die gedig gaan."

Die klok lui.

By die huis lees ek die gedig treurig deur. Wat gaan gedigte my help met my toekoms? Net daar in die gedig van M. Phosa kry ek die sleutel tot my verlangde antwoord:

"Swoeg is die toekomssaad!"

√

**DIE KRAKENDE TRAPPE**

Met oë vol afwagting kyk ek hoe my mamma en pappa my briefie lees.  Dis amper Kersfees en Mamma het gevra dat ek 'n lysie moet opstel van wat ek alles wil hê.  Toe vra ek iets spesiaals.

Mamma en Pappa glimlag vir my.  "Ons sal kyk wat ons kan doen."  Fronsend kyk ek hoe hul wegbeweeg.  Beteken dit dat ek 'n bababoetie gaan kry?

My Kersfeeslysie was redelik eenvoudig.  Eerstens wil ek 'n bababoetie hê om mee te speel.  Tweedens soek ek 'n blink, rooi speelgoed-Ferrari.  Derdens 'n rekenaarspeletjie, soos wat Jannie het.

Dan roep Mamma my.  Sy wil hê ek moet vir 'n uur by Jannie gaan speel.  Ek kan sien hoe opgewonde lyk Pappa – maar hy probeer dit wegsteek.  Hulle gaan seker iets regkry vir Kersdag wat ek nie mag sien nie.  Ek sê vir Mamma ek sal gaan.

Terwyl ek met my fiets na Jannie toe ry, beraam ek 'n slinkse plan.  Ek gaan net 'n halfuur lank by hom speel en dan weer blitsvinnig huis toe ry.  Dan sal ek doodstil by die trappe na hul kamer toe sluip.

Terwyl ek by Jannie is, kan ek skaars my opgewondenheid wegsteek.  Die tyd moet net gou verbygaan.  Voor ek my oë uitvee, is die tyd om.  Ek groet vir Jannie, spring op my fiets en jaag huis toe.  Ek sit my fiets op die grasperk.

Ek sluip deur die sitkamer en kom by die trap.  Dan staan ek eers stil en luister.  Ek hoor vir Mamma en Pappa in hulle slaapkamer,  Pappa maak sulke snaakse geluide.

Toe besluit ek ek gaan by die trap opsluip en die deur oopruk en vir hulle sê ek is terug.  Ek sal verskriklik sag moet loop om seker te maak dat die krakende trappe my nie weggee as ek loop nie.  Dit moet 'n verrassing wees.

Stadig begin ek by die trap opsluip.  Voetjie vir voetjie totdat ek heel bo is.  Mamma en Pappa is nog steeds besig en hulle het my nie eers hoor oploop nie. Ek het die krakende trappe gewen.

Dan loop ek tot by hulle deur en gryp die handvatsel styf vas.  My hart bons in my keel, terwyl ek dink wat ek gaan sê.  Dan ruk ek die deur wawyd oop en maak my mond oop om te praat ... en verstar.  Want op my ma en pa se bed ...

*(en toe gaan die opstel voort op 'n bladsy wat omgeblaai moet word)*

sit my pa met 'n blinkrooi sportmotor en speel.

√√√√√

**<u>My toekoms is ‘n vae, dofomlynde beeld</u>**

Oor my nat baadjie en my koue voete het ‘n verskriklike droefheid my, êrens tussen George en Knysna, ingehaal. Ek het myself toegelaat om te onthou hoe my ma sou reageer as sy my so nat, koud en ontsteld, in die middel van die nag, alleen op ‘n bus moes sien ry.

In die koue donkerte het ek haar hand teen my rug gevoel; haar wang teen my hare.
“Liefkind,” het ek haar hoor sê.

Die verlange het my ondergekry.

Ek moes seker aan die slaap geraak het, want toe ek my weer kom kry, is ons al verby Jeffreysbaai en is dit al lig buite. Die bus het stilgehou. Ek het uitgeklim en die lug diep in my longe ingetrek. Ek kon die nabyheid van die vars seewater ruik. Die lug het dieprooi geword.

Toe ek terug in die bus geklim het, het ek my kop op my sitplek neergelê en my oë styf toegemaak. Met my laaste bietjie krag het ek die verlange uit my verlede probeer wegkeer. In my baadjiesak het ek ‘n beursie vasgevat waarin ‘n foto van Johan, met sy windverwaaide hare op Bloubergstrand, was. Ek wou dit nie uithaal nie, want ek het geweet dit sou my nie troos nie.

Vir die eerste keer in maande het my oë weer waterig geword. Waar dit gewoonlik diep en vergete binne my was, het die stilte veroorsaak dat alles weer van vooraf, soos ‘n toneel, in my gedagtes afspeel. Ek het met my kop op my hande gaan lê en elke gedagte wat by my opgekom het, probeer wegskiet. Ek wou nie daaraan dink nie. Ek mis haar. Ek mis haar so ongelooflik baie.

Na ‘n ruk het my oë onwillekeurig die pad gevolg soos wat ek by die venster uitgestaar het. Voor ek dit kon keer, het die stilte my gevra: “Hoe lyk jou toekoms? Waarheen is jy op pad?”

Die vrae het oor en oor deur my kop gemaal. Trane het saggies oor my wang gerol, omdat ek met alles in my geweet het dat ek nie antwoorde op daardie vrae gehad het nie. Ek wou dit beantwoord. Ek wou so graag, maar ek kon nie. Tog het ek op hierdie bus geklim met die wete dat my eindbestemming ‘n raaisel vir my sou wees.

My toekoms is ‘n vae, dofomlynde beeld en hoe verder ek in die onbekende ingery het hoe dowwer het hierdie beeld geword. Alhoewel dit so was, was ek bereid om die risiko te neem.

Ek mis haar. Ek mis haar so ongelooflik baie.

**VERRAAD**

Met haar regtervoet draai sy die kraan oop vir meer warm water. Die stroom kleef vas aan die spieël oorkant haar sodat net haar spookgelaat sigbaar is. Maar tog kry sy steeds koud. Haar slanke lyf oortrek met hoendervleis. Sy gooi haar bos rooi hare oor haar skouer. Sy tel weereens die seep op. Die laaste bietjie skuim wat in die bad oor was, verdwyn. En sy begin skrop. En skrop. En skrop. Maar die vuil bly kleef. Sy pas in, dink sy, alles in hierdie dorpie het tog 'n lagie stof om.

Hulle is sewe ure se ry van Mexico City af, in 'n dorpie waarvan sy die naam vergeet het. Hulle het laasnag gearriveer. Vandag is hul sewende huweliksherdenking. Hulle. Sy en hy. Wat eens op 'n tyd tog gedroom het. Van vakansies in vreemde lande. Van rooiwyn en dans en lag. Van laat-aande onder die misterieuse sterre. Nou is daar niks oor nie. Niks meer.

Langs haar, op 'n skewepoot-tafeltjie, staan 'n koppie rooibostee. Sy weier om weg te gaan sonder 'n pakkie daarvan in haar sak. Maar die tee is al koud en sy vat eerder sigaar wat langs dit lê. Met komplimente van die gastehuis. Die rooi vlam wat die vuurhoutjie maak, fassineer haar vir 'n paar oomblikke. Sy trek in. 'n Rookwolk styg die lug op. Die horlosie, ook op die tafeltjie, tik seweuur af. Gaan sy ooit uit hierdie bad kan opstaan, dink sy.

Ja, sy was eens lief vir hom. Te lief. Te lief om haarself te red. Vir sewe jaar het sy haar oë toegemaak. Maar die sewe jaar is iets van die verlede. En hy was lief vir haar. Maar nie lief genoeg nie, nie lief genoeg om alles van homself prys te gee nie. Hy wou meer hê en het vir meer gaan soek.

Was dit liefde, dink sy, wat haar so beheer laat verloor het? Is dit wat liefde doen? Hierdie selfvernietigende wapen. Wat haar toegelaat het om die aand-vir-aand wat hy net nie huis toe gekom het nie te ignoreer? Wat haar te bang gemaak het om die waarheid, die feite te aanvaar? Die feit dat hy besig was om twee lewens te lei

'n Swaeltjie kom sit op die afgedopte rooi vensterbank. Sy hou hom stip dop. 'n Skielik wind ruk die hortjie en hy vlieg op in die blou-blou lug. Al is dit maar net 7 April, kan sy die winter al in die lug voel. Die swaeltjie moet op pad wees, dink sy. Die terugkeer kom altyd vinniger as die hartverskeurende, ewigdurende gaan.

Die gaan wat 'n mens tog soveel sterker maak, dink sy, terwyl sy kyk na die groot kleipot wat in die hoek van die badkamer staan. Die pot wat tog eens in 'n skroeiende vuuroond verhard is tot sy huidige vorm. Ja, die brandende pyn wat ons elke dag harder maak, dink sy. Totdat ons niks meer voel. Absoluut niks. Geen liefde. Geen haat.

Die oggend-geluide verseker haar dat die dorpie se inwoners ook besig is om wakker te word. Sy kan kinders op die stowwerige pad onder haar venster hoor lag en praat. Ook 'n hoender kraai in die verte. Drie keer. Ja, haar sewe maer jare is verby, dink sy, terwyl haar mond in 'n glimlag trek.

As 'n mens deur die badkamer sou beweeg, onderdeur die dik kosyn waarvan 'n hangende laken as 'n deur dien, sou jy kon sien. Op die deurmekaar bed. 'n Jong, aantreklike man in sy eie poel bloed en 'n rewolwer op die grond.